YORK TIMBERS

("York" of "die Groep")
The York Timber Organisation Limited
Reg. Nr. 1916/004890/06 Aandeelkode: YRK ISIN: ZAE000008108

VERKORTE GEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

vir die 18 maande geëindig Junie 2008

HOOGTEPUNTE

Global Forest Products in Julie 2007 vir **R1,7 miljard** verkry en suksesvol geïntegreer

Netto batewaarde per aandeel styg van **941 sent** tot **2 113 sent**

Wesensverdienste per aandeel styg **280%** van **269 sent** tot **1 019 sent**

Kontant gegenereer deur bedryfsaktiwiteite verhoog 28-voudig van **R8 miljoen** tot **R224 miljoen**

Biologiese bategroei van **46%** sedert Julie 2007

Inkomste per segment



Divisionele bedryfsmarges



Gemiddelde prys van saagblokke



VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Geouditeer 30 Junie 2008 R'000	Geouditeer 31 Desember 2006 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, masjinerie en toerusting	**363 511**	65 801
Biologiese bates	**1 718 407**	18 000
Klandisiewaarde	**610 352**	–
Beleggingseiendom en finansiële bates	**86 594**	6 802
	2 778 864	90 603
Bedryfsbates		
Voorraad	**197 908**	34 724
Biologiese bates	**264 663**	–
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	**192 108**	59 909
Kontant en kontantekwivalente	**222 538**	41 731
Ander bedryfsbates	**3 136**	2 200
	880 353	138 564
Totale bates	**3 659 217**	229 167
EKWITEIT EN LASTE		
Ekwiteit		
Gewone aandelekapitaal en reserwes	**1 655 668**	103 907
Laste		
Nie-bedryfslaste		
Rentedraende langtermynlaste	**1 128 545**	32 757
Uitgesteldebelasting	**498 615**	9 414
Ander langtermynlaste en voorsienings	**72 807**	7 889
	1 699 967	50 060
Bedryfslaste		
Rentedraende korttermynlaste	**64 109**	12 050
Handels- en ander betaalbare rekeninge	**233 984**	57 676
Lopende belasting betaalbaar	**5 489**	5 474
	303 582	75 200
Totale laste	**2 003 549**	125 260
Totale ekwiteit en laste	**3 659 217**	229 167

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Geouditeer 18 maande geëindig 30 Junie 2008 R'000	Geouditeer 12 maande geëindig 31 Desember 2006 R'000
Kontantvloei uit bedrywighede	**252 333**	38 656
Netto bedryfskapitaalveranderings	**(27 961)**	(30 641)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer/(benut) deur bedryfsaktiwiteite	**224 372**	8 015
Finansieringsinkomste	**31 561**	891
Inkomste uit beleggings	**52**	362
Finansieringskoste	**(163 279)**	(5 282)
Belasting betaal	**(5 704)**	(1 475)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**87 002**	2 511
Besigheidskombinasie	**(1 684 520)**	
Netto kontant benut in ander beleggingsaktiwiteite	**(83 526)**	10 065
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**1 861 851**	20 448
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**180 807**	33 024
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	**41 731**	8 707
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	**222 538**	41 731

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Geouditeer 18 maande geëindig 30 Junie 2008 R'000	Geouditeer 12 maande geëindig 31 Desember 2006 R'000	*Pro forma* Ongeouditeer 12 maande 1 Julie 2007 tot 30 Junie 2008 R'000
Inkomste	**1 521 581**	393 975	1 274 621
Koste van verkope	**(569 804)**	(242 481)	(405 304)
Bruto wins	**951 777**	151 494	869 317
Ander bedryfsinkomste	**38 726**	6 649	40 659
Verkoops-, algemene en administrasie-onkoste	**(765 815)**	(118 319)	(708 453)
Wins uit bedrywighede	**224 688**	39 824	201 523
Billikewaarde-aanpassing biologiese bates	**607 308**	5 722	603 308
Wins voor finansieringskoste	**831 996**	45 546	804 831
Finansieringsinkomste	**110 421**	2 066	100 629
Finansieringskoste	**(204 322)**	(5 282)	(193 403)
Wins voor belasting	**738 095**	42 330	712 057
Belasting	**(199 345)**	(11 014)	(193 819)
Wins vir die tydperk	**538 750**	31 316	518 238
Basiese verdienste per gewone aandeel (sent)	**1 018**	284	661
Ten volle verwaterde verdienste per gewone aandeel (sent)	**981**	284	nvt
Wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	**1 019**	269	662
Ten volle verwaterde wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	**982**	269	nvt

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële inligting vir die 12 maande 1 Julie 2007 tot 30 Junie 2008 word slegs aangebied vir illustratiewe doeleindes en is opgestel om te voldoen aan die rekeningkundige beleid van York.

Die direkteure van York is verantwoordelik vir die opstelling van die *pro forma* finansiële inligting.

Die *pro forma* finansiële inligting is verkry deur die gepubliseerde tussentydse resultate vir die ses maande van die huidige resultate vir die 18 maande geëindig 30 Junie 2008 te verwyder.

BEREKENING VAN WESENSVERDIENSTE GROEP 30 JUNIE 2008:

	Groep Geouditeer 18 maande geëindig 30 Junie 2008 R'000	Geouditeer 12 maande geëindig 31 Desember 2006 R'000
Basiese verdienste toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moeder	**538 750**	31 316
– Verlies/(surplus) op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	**400**	(80)
– Toename in billike waarde van beleggingseiendom	**–**	(1 381)
– Verlies op verkoop van nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	**339**	–
– Waardedaling van eiendom, masjinerie en toerusting	**–**	(213)
Wesensverdienste vir die tydperk	**539 489**	29 642

Ingevolge Omsendbrief 8/2007 moet toename in billike waarde van genoteerde beleggings nie meer in die berekening van wesensverdienste teruggetel word nie. Die wesensverdienste vir 2006 is heraangegee deur die terugtel van die toename in billike waarde van 5,2 sent van 263,3 sent tot 268,5 sent te verwyder.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Aandele-kapitaal R'000	Aandele-premie R'000	Totale aandele-kapitaal R'000	Billike-waarde-aanpassing beskikbaar-vir-verkoop-reserwe R'000	Aandeel-gebaseerde betaling reserwe R'000	Behoue inkomste R'000	Totale ekwiteit R'000
Groep							
Saldo op 1 Januarie 2006	552	3 060	3 612	–	–	68 834	72 446
Uitgifte van aandele	–	1	1	–	–	–	1
Verandering in billike waarde van beskikbaar-vir-verkoop-finansiële bates	–	–	–	144	–	–	144
Totale inkomste en uitgawe direk in ekwiteit erken	–	–	–	144	–	–	144
Wins vir die jaar	–	–	–	–	–	31 316	31 316
Saldo op 1 Januarie 2007	552	3 061	3 613	144	–	100 150	103 907
Uitgifte van aandele	3 511	1 049 490	1 053 001	–	–	–	1 053 001
Terugkoop van eie aandele	(144)	(28 074)	(28 218)	–		–	(28 218)
Aandeelgebaseerde betaling	–	–	–	–	10 446	–	10 446
Verandering in billike waarde van beskikbaar-vir-verkoop-finansiële bates	–	–	–	(363)	–	–	(363)
Aandele-uitgifte uitgawes	–	(21 855)	(21 855)	–	–	–	(21 855)
Totale inkomste en uitgawe direk in ekwiteit erken	–	(21 855)	(21 855)	(363)	–	–	(22 218)
Wins vir die tydperk	–	–	–			538 750	538 750
Saldo op 30 Junie 2008	3 919	1 002 622	1 006 541	(219)	10 446	638 900	1 655 668

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE SEGMENTELE ONTLEDING

(Alle bedrae in duisende)	Saagmeule 2008	Saagmeule 2006	Laaghout 2008	Laaghout 2006	Handel 2008	Handel 2006	Bosbou 2008	Bosbou 2006	Eliminasie 2008	Eliminasie 2006	Gekonsolideer 2008	Gekonsolideer 2006
Inkomste												
Eksterne verkope	**916 241**	230 657	**180 064**	–	**368 941**	160 807	**56 335**	2 511	**–**	–	**1 521 581**	393 975
Tussensegmentverkope	**45 710**	5 010	**–**	–	**34 483**	–	**461 618**	–	**(50 775)**	(5 010)	**–**	–
Totale inkomste	**961 951**	235 667	**180 064**	–	**403 424**	160 807	**517 953**	2 511	**(50 775)**	(5 010)	**1 521 581**	393 975
Resultaat												
Billikewaarde-aanpassing biologiese bates							**607 308**					
Handel	**112 465**		**(5 860)**		**10 147**		**172 318**					
Segmentresultaat	**112 465**	35 359	**(5 860)**	–	**10 147**	8 106	**779 626**	3 668	**–**	–	**896 378**	47 133
Ongeallokeerde onkoste											**(64 382)**	(1 587)
Wins uit bedrywighede											**831 996**	45 546
Netto finansieringskostes											**(93 901)**	(3 216)
Inkomstebelastingonkoste											**(199 345)**	(11 014)
Wins vir die jaar											**538 750**	31 316
Segmentbates	**409 471**	122 271	**98 397**	–	**83 118**	47 554	**2 153 193**	17 611			**2 744 179**	187 436
Ongeallokeerde korporatiewe bates											**915 038**	41 731
Gekonsolideerde totale bates											**3 659 217**	229 167
Segmentlaste	**176 150**	35 330	**15 970**	–	**34 621**	25 907	**45 042**	–			**271 782**	61 237
Ongeallokeerde korporatiewe laste											**19 427**	4 328
Nie-lopende en lopende lenings											**1 208 235**	44 807
Belasting en uitgestelde belasting											**504 105**	14 888
Gekonsolideerde totale laste											**2 003 549**	125 260
Toevoegings tot biologiese bates	**–**	–	**–**	–	**–**	–	**45 725**	–			**45 725**	–
Kapitaalbesteding	**22 299**	6 132	**469**	–	**–**	864	**14 321**	–			**37 089**	6 996
Depresiasie	**20 653**	4 532	**1 754**	–	**514**	236	**3 286**	–			**26 207**	4 768
Waardedaling van tasbare bates	**–**	300	**–**	–	**–**	–		–				300

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE SEGMENTELE ONTLEDING (vervolg)

Besigheidsegmente:
Die Groep is in vier groot bedryfsafdelings georganiseer – Gesaagdehout-produkte, Laaghout, Handel en Bosbou. Die afdelings vorm die grondslag waarop die Groep sy primêre segmentinligting rapporteer. Die segment Gesaagdehout-produkte produseer en verkoop 'n wye reeks strukturele en industriële gesaagdehout-produkte. Die Laaghoutafdeling vervaardig en verkoop laaghoutprodukte. Die Handelsafdeling koop en verkoop houtverwante produkte op 'n groothandelgrondslag. Die Bosbouafdeling besit plantasies waarop hy denne- en bloekombome verbou, wat op 'n rotasiegrondslag afgekap en verkoop word.

Geografiese segmente:
Die Groep beskou sy besigheid as 'n enkele geografiese segment.

Segmentbates en -laste:
Segmentbates sluit alle bedryfsbates wat deur 'n segment gebruik word in en bestaan hoofsaaklik uit bedryfskontant, ontvangbare rekeninge, voorraad en eiendom, masjinerie en toerusting, na aftrekking van kortings en voorsienings. Hoewel die meeste van dié bates direk aan individuele segmente toeskryfbaar is, word die drabedrag van sekere bates wat gesamentlik deur twee of meer segmente gebruik word op 'n redelike grondslag aan die segmente toegewys. Segmentlaste sluit alle bedryfslaste in en bestaan hoofsaaklik uit rekeninge, lone en opgelope laste. Segmentbates en -laste sluit nie uitgestelde inkomstebelasting en belasting tans betaalbaar in nie.

Tussensegmentoordragte:
Segmentinkomste, segmentonkoste en segmentresultate sluit oorplasings tussen besigheidsegmente in. Sodanige oorplasings word verantwoord teen mededingende markpryse wat nie-geaffilieerde klante vir soortgelyke goedere gevra word. Dié oorplasings word by konsolidasie uitgeskakel.

Daar was geen veranderings in die rekeningkundige beleid ten opsigte van segmente nie alhoewel twee nuwe segmente bygevoeg is.

AANTEKENINGE BY DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die Groep is in Suid-Afrika gedomisilieer. Die Groep verkorte gekonsolideerde finansiële resultate vir die 18 maande geëindig 30 Junie 2008 behels die Maatskappy en sy filiale (tesame die Groep genoem).

Die verkorte gekonsolideerde finansiële resultate is op 16 September 2008 vir uitreiking gemagtig.

(a) Opstellingsbasis
Hierdie verkorte Die York Timber Organisasie ("die groep") finansiële resultate vir die agttien maande geëindig 30 Junie 2008 behels 'n opsomming, opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde 34, van die groep se geouditeerde finansiële state. Dit is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en die Suid Afrikaanse Maatskappywet 1973, soos gewysig.

KPMG Ing. se ongewysigde ouditeersverslag ingesluit in die jaarlikse finansiële state en op die opgesomde finansiële state vervat in hierdie verkorte verslag, is ter insae beskikbaar by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

(b) Metingsgrondslag
Die finansiële state is op die historiesekoste-grondslag opgestel buiten vir die volgende:
- finansiële instrumente gehou vir handel en finansiële instrumente geklassifiseer as beskikbaar vir verkoop word teen billike waarde gemeet;
- afgeleide finansiële instrumente word teen billike waarde gemeet;
- beleggingseiendom word teen billike waarde gemeet; en
- biologiese bates word teen billike waarde gemeet minus beraamde verkooppuntkoste.

(c) Funksionele en aanbiedingsgeldeenheid
Die finansiële state word in rand aangebied, wat die Groep se funksionele geldeenheid is. Alle finansiële inligting wat in rand aangebied word, is tot die naaste duisend afgerond.

(d) Gebruik van ramings en oordele
Die opstelling van finansiële state ter voldoening aan IFRS vereis bestuur om oordeel, ramings en aannames te maak wat die toepassing van rekeningkundige beleide en die gerapporteerde bedrae van bates, laste, inkomste en onkoste raak. Werklike resultate kan van dié ramings verskil. Dié oordele en ramings word jaarliks deur bestuur hersien. Hersienings aan rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die raming hersien word en in enige toekomstige tydperke wat geraak word. Oordele en ramings wat 'n aansienlike uitwerking op die finansiële state het, is:
- biologiese bates,
- klandisiewaarde;
- beleggingseiendom;
- handels- en ander ontvangbare rekeninge;
- voorsiening;
- metings van aandeelgebaseerde betalings;
- waardasie van finansiële instrumente; en
- gebeurlikhede.

(e) Basiese verdienste en wesensverdienste per aandeel
Basiese verdienste per aandeel word bereken deur die verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir die tydperk van R538,7 miljoen (Desember 2006: R31,3 miljoen) te deel deur die geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele van 52 930 865 (Desember 2006: 11 040 597 aandele).

Wesensverdienste per aandeel word bereken deur die verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir die tydperk van R539,3 miljoen (Desember 2006: R29,6 miljoen) te deel deur die geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele van 52 930 865 (Desember 2006: 11 040 597 aandele).

(f) Ten volle verwaterde basiese en wesensverdienste per gewone aandeel
Die berekening van ten volle verwaterde basiese verdienste per gewone aandeel word gebaseer op verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers van R543,6 miljoen (Desember 2006: R29 miljoen) en die geweegde gemiddelde getal ten volle verwaterde gewone aandele van 55 407 812 (Desember 2006: 11 040 597 aandele).

Die berekening van ten volle verwaterde wesensverdienste per gewone aandeel word gebaseer op wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers van R543,9 miljoen (Desember 2006: R29 miljoen) en die geweegde gemiddelde getal ten volle verwaterde gewone aandele van 55 407 812 (Desember 2006: 11 040 597 aandele).

(g) Dividende
Voorkeurdividende ten bedrae van R4,6 miljoen (2006: R0,957 miljoen) is in die tydperk betaal. Die uitgereikte voorkeuraandele is na die keuse van die houer omskepbaar en word gevolglik as 'n las geklassifiseer in ooreenstemming met die klassifiseringsvereistes van IRS 32. Gevolglik word die voorkeurdividende in finansieringskoste ingesluit.

(h) Netto batewaarde per aandeel
Netto batewaarde per aandeel word bereken deur die netto batewaarde soos op 30 Junie 2008 van R1,655 miljoen (Desember 2006: R103 miljoen) deur 78 370 068 gewone uitgereikte aandele aan die einde van die tydperk te deel (Desember 2006: 11 040 597 aandele).

(i) Belangrike rekeningkundige beleide
Buiten die aanname van IFRS 2: Aandeelgebaseerde Betalings en IFRS7: Finansiële Instrumente: Openbaarmaking, is die rekeningkundige beleide wat deur die Groep in hierdie verkorte gekonsolideerde finansiële resultate toegepas word dieselfde as dié wat deur die Groep in die jongste finansiële jaarstate soos op en vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 toegepas is.

(j) Jaareindeverandering
Die Groep se jaareinde is van Desember na Junie verander om met Global Forest Products se finansiële jaareinde ooreen te stem.

BESIGHEIDSKOMBINASIE

Verkryging van Global Forest Products (GFP)
York het 100% van al die aandele in en aandeelhouerseise teen Global Forest Products (Edms) Beperk en South African Plywood (Edms) Beperk gedurende die oorsigtydperk vir 'n bedrag, insluitende verkrygingskoste, van R1 703 miljoen verkry. Die verkryging is met kontant wat uit 'n regteaanbod verkry is, skuldfasiliteite wat deur Rand Aksepbank Bpk toegestaan is en 'n verkopersteenprestasie-uitgifte aan die Independent Development Corporation (IDC) vereffen. Goedkeuring van die koop is op 12 Julie 2007 deur aandeelhouers bekragtig.

GFP is 'n geïntegreerde bosproduktemaatskappy met sy hoofkantoor in Sabie, Suid-Afrika, wat nagenoeg 87 000 ha grond, oorwegend denneplantasies, bestuur. Die maatskappy besit en bedryf ook houtverwerkingsfasiliteite wat drie saagmeule en 'n laaghoutaanleg insluit. GFP was 'n belangrike verskaffer van soliede houtprodukte aan die Suid-Afrikaanse mark en het aktief na vyf ander lande uitgevoer. Alle grond in besit van GFP is deur die Forest Stewardship-raad gesertifiseer. Plantasies word in twee gebiede ingedeel, te wete, Platorand, wat in die gebiede Sabie, Graskop en Witrivier geleë is, en die Hoëveld. Die saagmeule is ook in dié gebiede geleë. Klandisiewaarde, wat die verskil tussen die billike waardes van netto bates gekoop en die verkrygingsprys verteenwoordig, word gesteun deur die beskikbaarheid van eie saagblokke vir die GFP- en York-meule, wat volhoubaarheid verseker. Verwys na die berekening hieronder.

Die verkreë se inkomste en wins sedert die verkrygingsdatum (13 Julie 2007) was ongeveer R1,1 miljard en R700 197 miljoen (VVRB) onderskeidelik.

R'000	Voorverkrygings-drabedrae	Billikewaarde aanpassings	Erkende waardes met verkryging
Besigheidskombinasies			
Eiendom, masjinerie en toerusting	342 963	(56 677)	286 286
Biologiese bates	1 321 968	–	1 321 968
Voorraad	106 658	–	106 658
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	121 593	–	121 593
Kontant en kontantekwivalente	4 868	–	4 868
Lenings	(257 066)	–	(257 066)
Uitgesteldebelastinglaste	(332 226)	36 651	(295 575)
Handels- en ander betaalbare rekeninge	(155 053)	(54 653)	(209 697)
Netto identifiseerbare bates en laste	**1 153 705**	**(74 669)**	**1 079 036**
Klandisiewaarde met verkryging			624 613
Teenprestasie in kontant betaal, in kontant voldoen			**1 703 649**
Waarborgvoorsiening in kontant terugbetaal deur verkopers			(14 293)
Besigheidskombinasiekoste			32
Kontant en kontantekwivalente gekoop			(4 868)
Netto kontantuitvloei			**1 684 520**

Billike waardes van bates en laste
Die identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede van die verkreë wat op die verkrygingsdatum bestaan het, word teen billike waarde in die gekonsolideerde finansiële state erken.

Biologiese bates
- Dit is op die Standing Timber-metodologie gewaardeer deur die inligting oor voorbrandvolumes en verkoopspryse te gebruik wat vroeg in Julie 2007 beskikbaar was.

Eiendom, masjinerie en toerusting
- Grond is onafhanklik gewaardeer en die waarde het met R95,6 miljoen toegeneem
- Residensiële en kommersiële geboue is onafhanklik teen 'n verhoogde waarde van R35,1 miljoen gewaardeer
- Industriële geboue is onafhanklik teen vervangingswaarde gewaardeer, maar 'n billike waarde kon nie bepaal word nie weens die integrasie van dié besighede by die plantasiebesigheid en die gebrek aan 'n mark vir geboue in hulle ligging. Geen aanpassings is derhalwe aan drawaardes gemaak nie.
- Die billike waarde van die oorblywende masjinerie en toerusting per besigheidseenheid is toe vasgestel deur die verhaalbare bedrae van die besigheidseenhede as kontantgenererende eenhede te hersien, gebaseer op waarde-in-gebruik-berekenings. Dié berekenings wat in kontantvloeiprojeksies gebruik is, is gebaseer op 'n gedetailleerde vyfjaarvoorspelling wat gebaseer is op die huidige geïnstalleerde produksiefasiliteite en sakeomstandighede (soos in Julie 2007). Die berekenings weerspieël die vereiste om die waarde van die bates oor Sabie-meule, Driekop en Laaghout tot R238,2 miljoen te verminder.

Voorraad van afgewerkte produkte
- Afgewerkte produkte is teen verkoopspryse gewaardeer minus die verkoopskoste en 'n redelike winsmarge vir die verkoopspoging van die verkryger.
- Voorraad is gewaardeer teen verkoopspryse wat in Julie 2007 behaal is, minus 'n verkoopsmarge van 5% en pakhuisverspreidingskoste in die geval van die Laaghout-divisie.
- Totale waardes van alle besigheidseenheidvoorraad het 'n opwaartse waardasie van R415 000 vereis. Weens die onbelangrikheid is geen aanpassing gemaak nie.

Ontasbare bates
- Geen ontasbare bates is geïdentifiseer as deel van bates wat oorgeneem is nie. Klandisiewaarde van R610 miljoen is verkry, synde die verskil tussen die verkrygingskoste en die billike waardes van bates en laste.

Uitgesteldebelastingbates en -laste
- Verkreë uitgesteldebelastingbates en -laste is erken teen die waarskynlike bedrag van die belastingvoordeel/-las wat verhaalbaar/betaalbaar is, aangeslaan vanuit die oogpunt van die verkryger en die Groep in geheel.

Vrywarings in 'n besigheidskombinasie
- Die voorwaardelike aanspreeklikhede ten opsigte van omgewingskoste is gewaardeer en daar is vir 'n bedrag van R54 miljoen voorsiening gemaak in die berekening van die besigheidskombinasie.

Aanspreeklikhede aangegaan of aangeneem
- Die koste van 'n besigheidskombinasie sluit aanspreeklikhede aangegaan of aangeneem deur die verkryger (Groep) in ruil vir beheer van GFP in. Toekomstige verliese of ander koste wat na verwagting weens die verkrygings aangegaan sal word, soos die herstruktureringskoste van GFP, was nie deel van die besigheidskombinasie nie aangesien dit nie op die verkrygingsdatum aanspreeklikhede was nie.
- Uiteraard is geen aanpassing vir herstruktureringskoste gemaak nie.

Teenprestasie vir besigheidskombinasie
- Teenprestasie betaal deur York vir die verkryging van die besighede bestaan uit drie dele:
- R350 miljoen – 23 333 333 gewone aandele teen R15 per aandeel uitgereik deur 'n regte-aanbod
- R500 miljoen – 33 333 333 aandele teen R15 per aandeel uitgereik deur verkoperteenprestasie-uitgifte
- Kontantteenprestasie van R854 miljoen

KOMMENTAAR

Die 18-maande finansiële tydperk wat van Januarie 2007 tot Junie 2008 strek, het die aanbreek van 'n nuwe era in York se geskiedenis gekenmerk. Die Groep het die besigheid van Global Forest Products (GFP) met ingang van 1 Julie 2007 as 'n lopende onderneming verkry, wat York in 'n vertikaal geïntegreerde bosboumaatskappy omskep het, insluitend 62 000 hektaar plantasies, agt houtverwerkingsmeulens en 3 700 werknemers. Die GFP-bates is suksesvol by York geïntegreer ten spyte van 'n groot plantasiebrand op 12 Julie 2007, minder as een maand na die verkrygingsdatum. Bestuur het betekenisvolle vordering gemaak met die bereiking van die Groep se driejaarsinergieplan om bykomende marges as gevolg van die samesmelting te ontsluit. Die R1,7 miljard-verkryging van GFP is om die helfte met skuld en ekwiteit befonds. York beoog om die verkrygingskuld oor 'n agtjaartydperk terug te betaal met kontant wat deur die Groep se bedrywighede gegenereer word.

Finansiële oorsig
- Wesensverdienste per aandeel (WVPA) het 280% gestyg tot 1 019 sent (2006: 269 sent) vergeleke met die na-samesmelting 12-maandetydperk WVPA het 150% gestyg tot 671 sent.
- Die biologiese bates word billik gewaardeer teen die netto staande waarde-metode en het sedert dit in Julie 2007 verkry is 46% in waarde toegeneem. Die toename spruit uit die styging in saagblokpryse in die Suid-Afrikaanse mark as gevolg van die tekort in grondstof. Hierdie waardetoename was ondanks die afskrywing van hout ter waarde van R87 miljoen as gevolg van die Julie 2007-brande. Die langtermynlas spruit hoofsaaklik uit verkrygingsfinansiering wat verkry is om GFP te koop. Die verkryging van R1,7 miljard is met R850 miljoen se ekwiteitsfinansiering en R850 miljoen se leningsfinansiering befonds. GFP het reeds bategebaseerde finansieringslenings van R257 miljoen gehad, wat deel was van die netto bates verkry.
- Netto batewaarde per aandeel het 125% gegroei tot 2 113 sent (2006: 941 sent) en tasbare netto batewaarde per aandeel het 42% van 941 sent (2006) tot 1 334 sent gegroei.
- Die meeste van die inkomstegroei spruit uit verkryging met 'n mate van die groei wat as gevolg van stygings in verkoopspryse is.
- Die residensiële boumark is seisoenaal van aard, met die Julie- tot Desember-tydperk wat gewoonlik beter as die Januarie- tot Junie-tydperk is.
- Die toename in die bruto marge-persentasie van 38% tot 63% is weens die verandering in die aard van die Groep van 'n hoofsaaklik vervaardigingsonderneming na dié van 'n vertikaal geïntegreerde bosboumaatskappy met sy eie vervaardigingsaanlegte. Die direkte eienaarskap van die bosboubesigheid gee York toegang tot sy eie grondstof.
- Gedurende die oorsigtydperk het sekere wesenlike items die resultate geraak:
  - Die billikewaarde-aanpassing van die biologiese bate van R607 miljoen is grootliks toeskryfbaar aan vinnig stygende blokpryse. Die billike waarde van biologiese bates word volledig bespreek onder 'n afsonderlike paragraaf.
  - Sekere herstruktureringskoste van R8,3 miljoen wat verband hou met die uitdiensstellingskoste van senior bestuur as gevolg van die samesmelting.
  - Direkte uitgawes van R25,7 miljoen ten opsigte van die bosbrande in Julie 2007 waarvan R3,3 miljoen verband hou met brandbestryding, R5,3 miljoen afskrywing van voorraad langs die pad wat vernietig is en R17,5 miljoen wat verband hou met addisionele oes- en herplantingskoste.
- Die voor- en na-samesmeltingsverskille toon 'n groter proporsie verdienste wat na uitleners gaan, wat op die verandering in die skuldekwiteitstruktuur van die Groep dui. Die groter skuld is gesekureer deur die waarde van die biologiese bates. Die beweegrede vir die toename in hefboomfinansiering was weens laer risiko kontantvloei wat gegenereer is as gevolg van die verkryging van die groot houthulpbron.
- Die totale netto finansieringskoste vir die tydperk het R93,9 miljoen beloop (2001: R3,2 miljoen) na aanpassing vir die volgende items:
  - Die aandeelgebaseerde betaling van R10,4 miljoen hou verband met die omskeppingsreg van die voorkeuraandele-uitgifte aan York se personeel en gemeenskapstrusts gedurende Maart 2007. Dit is 'n eenmalige koste tot die inkomstestaat. Die 10 miljoen gewone aandele wat aan die personeel en gemeenskapstrusts uitgereik is en deur die IDC befonds is, is teen billike waarde uitgereik en sal nie enige aandeelgebaseerde betalingskoste aantrek nie.
  - As deel van die skuldbefondsing wat vir die verkryging van GFP verkry is, het York 'n rentekoersruiltransaksie van R1,15 miljard aangegaan om homself teen die risiko van rentekoersverhogings te verskans. Ingevolge IFRS moet die ruiltransaksie billik gewaardeer word. Die huidige billike waarde van die ruiltransaksie beloop R78,8 miljoen. Die R78,8 miljoen-inkomste is 'n eenmalige voordeel aangesien York beoog om skansrekeningkunde met ingang van 1 Julie 2009 te gebruik.

Segmentoorsig
Bosbou
Die Bosbou-divisie het 'n bedryfsmarge van 32,3% vir die oorsigtydperk. Dit is na koste van R25 miljoen aangegaan is as gevolg van die Julie 2007-brande.

Saagmeule
Die afname in bedryfsmarge van die Saagmeule was hoofsaaklik weens die nuut verkreë onderpresterende GFP-bedrywighede. Die vinnige styging in grondstofkoste het marges ook verlaag.

Laaghout
Die Laaghout-besigheid het 'n moeilike bedryfstydperk vir die ses maande tot Desember 2007 gehad en 'n verlies van R9,6 miljoen aangeteken. Gedurende die ses maande geëindig Junie 2008 het die divisie 'n wins van R3,7 miljoen aangeteken.

Pakhuise
Marges in die Pakhuis-besigheid het gedaal as gevolg van die traer mark en aanvangskoste wat vir uitbreiding aangegaan is.

Bedryfskapitaal
- Netto bedryfskapitaal het van R36,9 miljoen tot R156 miljoen toegeneem. Netto bedryfskapitaal van R73 miljoen is deur die verkryging van GFP verkry.
- Bedryfskapitaal as 'n persentasie van verkope het tot 6,7% afgeneem soos aan die einde van Junie 2008. Dit was as gevolg van goeie bedryfskapitaalbestuur.
- Ontvangbare versekeringsrekeninge van R14,1 miljoen en bosboupadvoorraad en natdekvoorraad van R26,6 miljoen wat by debiteure ingesluit is, het grootliks as gevolg van die brand opgeloop.

Kontantvloei
- Kontant uit bedrywighede het R252 miljoen beloop (2006: R39 miljoen).
- Kontantvloei gegenereer gedurende die tydperk beloop R50 miljoen na kapitaalbesteding en voor bosbouverkrygings. Alle kapitaalbesteding word tans uit eie kontantbronne gefinansier.

Lenings en finansiële instrumente
- Die netto skuld na kontant beloop R970 miljoen soos teen die Junie-jaareinde, met 'n afname van 6% van die saldo van R1 030 miljoen soos op 31 Desember 2007.
- R630 miljoen van die leningsfasiliteite amortiseer nie die kapitaal nie, maar daar is 'n eenmalige betaling aan die einde van die leningstydperk (R430 miljoen in Julie 2015 en R200 miljoen Julie 2014).
- Die Groep het 'n ruiltransaksieooreenkoms in plek om homself te verskans teen rentekoersverhogings. Die ruiltransaksiekoers is koop teen JIBOK van 9,6% en verkoop teen JIBOK van 12,3%. Die ruiltransaksieooreenkoms is aan die einde van Junie 2008 billik gewaardeer teen R78,08 miljoen.
- Die Groep het gedurende die oorsigtydperk aan al sy skuldooreenkomste voldoen.

Biologiese bates
- Soos aan die jaareinde het die Groep 55 237 ha geplante denne- en bloekombome teen verskillende ouderdomme en 5 718 ongeplante areas gehad.
- Die hektaar hout jonger as vier jaar was 14 781 ha en vier jaar en ouer was 40 352 ha.
- Afhangend van die ouderdom van die bome, het 'n hektaar op enige stadium 'n geraamde volume (m^3) hout beskikbaar.
- Die huidige geraamde volume van alle hout ouer as vier jaar is 4 489 867m^3 denne- en 339 779m^3 bloekombome. Die Groep raam nie 'n volume vir bome wat jonger as vier jaar is nie.
- 'n Waarde word bereken vir die hout vier jaar en ouer en gebaseer op die markpryse vir elke m^3 hout. Die hout wat jonger as vier jaar is, word gewaardeer teen koste aangegaan (werklike plant- en instandhoudingskoste).
- Die gemiddelde prys per m^3 hout is R403 na aftrekking van oeskoste van ongeveer R75 per m^3 staande hout. Gedurende die oorsigtydperk het markpryse met 69% gestyg.
- Die hout word soos volg gewaardeer:

Hout jonger as 4 jaar	R41 488
Hout 4 jaar en ouer	R1 947 876
Koop van staande hout	R6 294
Netto staande waarde	R1 983 070

Marktoestande
York se gesaagdehout-markaandeel het van 8% van die mark in suidelike Afrika in Desember 2006 tot 19% van die mark in June 2008 toegeneem, na die verkryging van GFP. Marktoestande was moeilik gedurende die oorsigtydperk weens die verlangsaming in residensiële konstruksie en 'n tydelike ooraanbod van hout wat veroorsaak is deur surplus blokke wat deur die bedryf verwerk is as gevolg van brandherwinningsbedrywighede. Onlangse wydverspreide brande in September 2008 sal waarskynlik die blokherwinningsbedrywighede en tydelike ooraanbod tot diep in 2009 verleng tot die laaste van die onlangse verbrande plantasies herwin is. Dié jongste brande sal egter die langtermyntekort vererger aangesien baie van die bome wat beskadig is jonger as agt jaar oud was en nie herwinbaar is nie.

Gedurende die oorsigtydperk het bedryfsblokpryse 69% gestyg terwyl gesaagdehout-pryse met 24% gestyg het. Verwerkingsbedrywighede regdeur die houtbedryf het margedruk ervaar en verskeie ondoeltreffende meule was gedwing om te sluit.

York se onlangs verkreë Driekop-saagmeul is in die 2007-brand beskadig en word tans herbou vir inbedryfstelling in Maart 2009. Voordele van die herinstelling van die beskadigde meul sal eers gedurende die 2010 finansiële tydperk ten volle blyk.

Bosbrande
Bosboubedrywighede is in Julie 2007 deur die ergste plantasiebrande in Suid-Afrika se geskiedenis ontwrig. Bykans 11 000 hektaar van York se plantasies is deur die vure geraak, wat ook 6,5% van Suid-Afrika se denne-saagblokreserwes vernietig het. Toe die vure bekamp is, is die beskadigde bome afgekap en óf verwerk óf onder besproeiing gestoor. Teen Junie 2008 is meer as die helfte van die totale gebrande area herplant. Die res van die gebrande areas sal binne die volgende 12 maande herplant word.

Die uitwerking van die brand het 'n negatiewe impak op York se bedryfskontantvloei gehad gedurende die oorsigtydperk aangesien 'n groot volume gebrande blokke afgekap en permanent onder besproeiing gestoor moes word (SUPI) vir verwerking gedurende die volgende finansiële tydperk en herplanting van die groot gebrande areas word oor 'n tweejaartydperk in die vooruitsig gestel om die groeregimes so vinnig moontlik te normaliseer. Op 'n positiewe toon sal die verwerking van SUPI-blokvoorraad gedurende die volgende 12-maandetydperk tot gevolg hê dat bykomende bedryfskapitaal ontsluit word.

Houtpakhuise
Hierdie divisie word sedert 2002 uit York se Cordelfos-pakhuis in Pretoria-Wes bedryf en is onlangs uitgebrei om aan die markte in KwaZulu-Natal en Wes-Kaap te verskaf. Die Pakhuis-bedrywighede is ingerig om aan die kleiner kleinhandelaar te verskaf, asook York se groter kliënte. Hoewel York se pakhuise die meeste van hulle hout van verskaffers in die mark in suidelike Afrika koop, is die mediumtermyndoelwit om ingevoerde hout te stoor en aan die Groep se kliëntebasis te versprei. Die pakhuise sal York in staat stel om sy markaandeel in die gesaagdehout-mark te behou en te groei sodra invoerpariteit laat vaar word en Suid-Afrika gedwing word om hout in te voer om die voorspelde langtermynhouttekort te oorkom.

Dividende
As gevolg van die skuldfasiliteit wat York se bankiers toegestaan het vir die GFP verkryging en ander groeiplanne, is geen dividend (behalwe voorkeur dividende) vir die oorsigtydperk verklaar nie. Geen dividend is gedurende die vorige jaar verklaar nie.

Strategie
York se korttermynstrategie is om verdere plantasies in die nabyheid van sy bestaande bedrywighede te verkry. Dié verkrygings sal York van verdere groei en verbeterde volhoubaarheid voorsien namate die Groep toenemend selfvoorsienend word. Daarbenewens sal bestuur daarop fokus om die koste te verminder en doeltreffendhede te verbeter van die onlangs verkreë GFP-bedrywighede.

Vooruitsigte
Ondanks traer handelstoestande in 2008, is York goed geposisioneer om voordeel te trek uit die houttekort en uiteindelike houtinvoere. Die Groep is ongeveeer 60%-selfvoorsienend van sy eie houtplantasies, besit sewe moderne, goed bestuurde saagmeule en 'n laaghoutmeul en fokus op verdere verkrygings, plaaslik en in die buiteland, om sy eienaarskap van bosbouhulpbronne te vergroot. Die aansienlike kostebesparings wat geïmplementeer word, tesame met verbeterde doeltreffendhede, sal verseker dat York goed geposisioneer is om sy doelwitte gedurende die huidige markafswaai te bereik sodat hy die vrugte kan pluk sodra die ekonomie begin verbeter.

Lance Cooper
Hoof uitvoerende beampte
17 September 2008

John Lehman
Hoof finansiële beampte

Uitvoerende direkteure:
Lance Cooper (HUB), John Lehman (HFB),
Gay Mokoena (Direkteur Korporatiewe Dienste)

Nie-uitvoerende direkteure:
Jim Myers (Voorsitter, VSA), Andrew Bonamour,
Paul Botha, Dick Claunch, Shakeel Meer,
Tlhopheho Modise, Simon Murray, Piet Odendaal

Maatskappysekretaris:
Francois Dekker

Geregistreerde kantoor:
York Corporate Offices
Hoofweg 3, Sabie, 1260
Tel 013 764 9200 Faks 013 764 3245
Posbus 1191, Sabie, 1260

Oordragsekretaris:
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
Posbus 61051, Marshalltown 2107

motiv